

27 April

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-22
Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:15

Apologetiese rekenskap teenoor die wêreld

Vryheidsdag word gevier omdat demokrasie vir baie mense in Suid-Afrika 'n nuwe hoop gegee het. Ná 20 jaar van demokrasie: Wat het van die hoop oorgebly?

Die gelowiges wat oor Klein-Asië verstrooi was (1:1), was polities en ekonomies minderheidsgroepe in verskillende samelewings. Alhoewel daar geen getuienis is van 'n vervolging nie, het die gelowiges vanweë die uitlewing van hulle geloof gely. Hulle gedrag was anders as wat algemeen in die samelewing voorgekom het. Hierin word Jesus se prediking (Matt. 5:10, 11) in werklikheid beleef. Gelowiges doen wat reg vir God is: leef afhanklik van God, hulle treur oor sonde, hulle gee om, hulle is vredemakers. Hulle leef en doen anders as die wêreldse mense tussen wie hulle woon. Die gevolg is dat hulle beledig word en valslik beskuldig word van dinge wat in die samelewing verkeerd loop.

Watter toekoms is daar dan vir gelowiges in die wêreld? Miskien geen politieke of ekonomiese toekoms nie. En tog kan gelowiges rekenskap gee van hoop. Teenoor die vyandigheid van die wêreld het die gelowige 'n apologetiese antwoord. Nee, dit is nie 'n verskoon-dat-ek-leef-benadering nie. Apologeties beteken om met oortuiging die evangeliese waarhede teenoor die wêreld bekend te maak. Hierdie verstrooides word in 1:1 ook "uitverkorenes" genoem. Deur God gekies, met die bloed van Christus skoongewas en deur die Heilige Gees vir God opsygesit (1:2).

Daarom, as die 20-jaarlange vryheid in Suid-Afrika dikwels in korrupsie, selfverryking, doodslag en losbandigheid ervaar word, gaan gelowiges nie met hierdie stroom saam nie (4:5). Gelowiges bly aan God toegewy, buig voor die Here Jesus Christus. Gelowiges het immers 'n ander toekoms: die oorwinningslewe van Christus, saam met Hom aan God se regterhand. Ná 20 jaar se mislukkings, waarteen al meer betoog word, is die tyd vir die kerk (gelowiges) oorryp om die evangeliese waarheid in Suid-Afrika al duideliker te laat hoor.

Sing: Psalm 96:1, 6 (1936)

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)